EL SHADDAI

CHRISTIAN SCHOOL · CHRISTENSKOOL

GROW · EQUIP · SEND

DISSIPELSKAP

LAERSKOOL

POSBUS 1980 LORD'S WALK, VANUIT LANGEBERGWEG
DURBANVILLE 7550
T: 021 975 1980 F: 021 975 1985
www.escs.org.za info@escs.org.za

VISIE

Groei: Om Jesus te ontdek en 'n verhouding met Hom te vorm.

Om die karakter van God te bestudeer en verken.

Om Goddelike karaktereienskappe in ons kinders se lewens in te skerp.

Toerus: Om 'n Bybelse wêreldbeskouing en Bybelse waarhede, gebaseer op die Woord van God, in ons kinders se lewens in te bou.

Stuur: Om ons gemeenskap treffend te dien en bedien.

HOE GAAN ONS DOELBEWUS TE WERK OM ONS LEERDERS TOT DISSIPELSKAP TE BRING?

ONS DOEN DIT OP VERSKEIE MANIERE:

1. ASCI SE "PURPOSEFUL DESIGN" BYBELONDERRIG KURRIKULUM
2. SAALBYEENKOMS
3. BYBELSE INTEGRASIE IN AFSONDERLIKE VAKKE
4. REGISTERPERIODE
5. DISSIPELSKAPRAPPORTE
6. UITREIKPROGRAMME
7. AAND VAN VERERING

SAMBREELFOKUS EN KARAKTEREIENSKAPPE

DIT VORM DEURGAANS DIE FOKUS, SOOS VOLG:

KWARTAAL	SAMBREELFOKUS	KARAKTEREIENSKAPPE VAN GOD
1	GEMEENSKAP MET GOD	GOD IS SKEPPER, GOD IS LIEFDE EN GOD IS WYS
2	EIEWAARDE	GOD IS WAARHEID EN LIG, GOD IS GENESER EN VERGEWER EN GOD IS VREDE EN VREUGDE
3	DIENSBAARHEID	GOD IS DIE HERDER EN BESKERMER, GOD IS DIENAAR EN GOD IS GEDULDIG EN SELFBEHEERSD
4	RENTMEESTERSKAP	GOD IS VINDINGRYK, GOD IS GETROU EN GOD IS ONS VOORSIENER

1. ACSI "PURPOSEFUL DESIGN" BYBELONDERRIG KURRIKULUM – DOELGERIGTE ONTWERP

GRONDSLAGFASE

Die Bybelonderrig kurrikulum volg die sambreelfokus en karaktereienskappe van God soos uitgebeeld in Bybelse verhale en karakters.

INTERMEDIÊRE FASE

Die ACSI se kurrikulum oor Doelgerigte Ontwerp (ACSI Purposeful Design Curriculum) word reg deur die Intermediêre fase gevolg en is 'n eksamenvak. Vanaf Graad 4 word dit in Engels onderrig en geëksamineer. Die kurrikulum dek dele van die Ou en Nuwe Testament, Bybelkennis en persoonlike toepassing in alledaagse situasies.





2. SAALBYEENKOMSTE

TYE VAN SAALBYEENKOMSTE

Grondslagfase: Maandagoggende
Intermediêre fase: Dinsdagoggende
Daar is vyf of ses saalbyeenkomste per kwartaal.

VERLOOP VAN DIE SAALBYEENKOMSTE

ALGEMEEN

Erkenning word gegee aan die kinders wat verjaar het, spesiale nuus word gedeel en besoekers word verwelkom. Ons moedig ouers aan om ons saalbyeenkomste by te woon.

DISSIPELSKAPWAPENS

1 of 2 kinders per klas kry dissipelskapwapentjies. Hierdie kinders word vorentoe geroep deur hulle onderwyser ter erkenning van karaktergroei of duidelike blyke van Goddelike karaktereienskappe die voorafgaande week.

AANBIDDING

Lewendige lofprysing met baie aksie en dans word gevolg deur 'n gewyde rustiger tyd van aanbidding.

BOODSKAP

Die klem val op die sambreelfokus van die kwartaal en is daarop gerig om die kinders 'n beter kennis en belewing te gee van die karaktereienskappe wat op daardie tydstip gedek word. (Sien die tabel op bladsy 2.) Saalbyeenkomste word deur die fase se onderwysers gelei. Die boodskap word oorgedra deur 'n onderwyser of 'n gasspreker.

GEBED EN BEDIENING

Daar is spesifieke tye vir kinders wat 'n behoefte het aan gebed en bediening. Onderwysers, gassprekers en besoekende ouers bid saam vir en met die kinders.

"HOMESLICE" GROEPE

In die Intermediêre fase word die boodskap verder vasgelê in "Homeslice" groepe – soortgelyk aan selgroepe. Elke groep bestaan uit Graad 4, 5 en 6 leerders met 'n Graad 6 leerder as leier.

KLASKAMER

Ná die saalbyeenkoms is daar ook in die klaskamer tyd vir die kinders om te praat oor wat hulle dink en hoe hulle voel oor dit wat hulle in die saalbyeenkoms ervaar het. Daar is ook 'n werkblad met betrekking tot die tema wat hulle voltooi en in hulle Bybelonderrig boeke moet plak.

3. BYBELSE INTEGRASIE PER VAK

Die Laerskool werk met ‘n sambreelfokus wat verband hou met die Karaktereienskappe van God.

Hierdie karaktereienskappe word versterk in die oggende se Bybelse oordenkings en saalbyeenkomste. Dit word ook planmatig in elke vak ingewerk en word verder vasgelê soos geleenthede daarvoor opduik.

Bykomende Bybelse integrasie word ook op toepaslike wyse – hetsy beplan of spontaan - in die lesse ingewerk. Die Bybel as ‘n lewensgids word vir die kinders ‘n werklikheid. Hulle word aangemoedig en gelei om vanuit ‘n Bybelse wêreldbeskouing na gegewe vakinhoud te kyk.

4. REGISTERPERIODE

Die registerperiode, van vyftien minute, word elke oggend deur die onderwysers gebruik om te bepaal wat in die kinders se gemoed aangaan. Bybelse oordenkingsgedeeltes word gelees en daar is ook tyd vir gebed, veral vir die kinders se gebedsversoeke. Hierdie tyd word ook benut om kwessies aan te spreek wat in die klas of op die speelgrond na vore mag kom. Die Karaktereienskappe van God dien as ‘n riglyn vir die oordenkings. In die Graad 5- en 6-klasse word hierdie karaktereienskappe voorts aangespreek in weeklikse verantwoordbaarheidsgroepe en stiltetye. Verantwoordbaarheidsgroepe versterk ‘n kultuur van erkenning, gee kinders die geleentheid om hul gedrag en karakter te ondersoek en leer hulle om verantwoordbaar te wees in hul volgehoue toewyding aan karaktergroei. In die stiltetye volg ons die Dissipelskap Bybelstudie (DBS) metode en gebruik die Woord, waarneming, toepassing en gebed om by kinders die gewoonte te vestig om te luister en op God te wag vir persoonlike leiding en groei.

5. DISSIPELSKAPRAPPORTE

Saam met akademiese rapporte, word dissipelskaprapporte ook uitgereik. Hierdie rapporte fokus op karakterontwikkeling in ons kinders. Die onderwysers werk saam om ons kinders te bou, vorm, motiveer en lei in terme van karaktergroei. Dit word gebaseer op die sambreelfokus, leerbare oomblikke, deur dissipline en ook om net tyd af te staan om die kinders te leer ken. Hierdie rapporte word in Junie en Desember uitgereik.

Ons vat hande met ouers in hierdie belangrike saak van kinders se karaktervorming en –groei.

6. UITREIKPROGRAMME

GRONDSLAGFASE

Die Grondslagfase reik uit na verskeie aftree-oorde in die gemeenskap. Hulle besoek die aftree-oorde een keer ‘n kwartaal waar hulle dan sing, vir die bejaardes bid, spesifieke items (musiek / poësie / lees / drama) aanbied en handgemaakte kaartjies uitdeel. Die doel is dat kinders sal leer om uit te reik, te deel, te sosialiseer met en te bid vir die bejaardes in die gemeenskap.

INTERMEDIÊRE FASE

Die Graad 4-klasse reik uit na Jack & Jill Speelskool in Morningstar. Die klas berei ‘n Bybelles (oorgedra d.m.v. prente of toneeltjies), werkblaaie en speletjies voor. Hulle besoek ook Green Pastures Aftree-oord om interaksie te hê met die inwoners en hulle te seën, te vermaak en saam met hulle te bid. Die Graad 5- en 6-klasse reik uit na ‘n plaaslike laerskool. Hulle doen gestruktureerde lesse wat gemik is op Bybelse lering en ontwikkel is rondom een-tot-een-verhoudings. Hulle hoofdoel is om teen die einde van die jaar hulle maatjies na Christus toe te lei of om hulle saligmaking te bevestig.

7. AAND VAN VERERING

Aan die einde van elke jaar word leerders die geleentheid gegun om God te eer. Hulle bring gesamentlik en individueel eer aan God – deur aanbidding, musiek, drama, dans en kuns. Dit is altyd ‘n hoogtepunt op die Dissipelskapkalender.

SAALBYEENKOMS MET 'N BESOEKENDE RUSSIESE SENDELINGFAMILIE EN OPEN DOORS

AAND VAN VERERING

GRAAD 4 UITREIK NA JACK EN JILL SPEELSKOOL

GROW · EQUIP · SEND



"Selfs 'n jongmens word geken aan wat hy doen, uit sy optrede blyk of hy eerlik en opreg is."

SPREUKE 20:11